| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS EAT |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

   **AFDELING A**: LEESBEGRIP (VRAAG 1) (30)
   **AFDELING B**: OPSOMMING (VRAAG 2) (10)
   **AFDELING C**: TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) (40)

2. Lees **ALLE** instruksies deeglik deur.
3. Beantwoord **AL** die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
5. Trek 'n lyn na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na **ELKE** antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar met 'n blou pen.
10. Beplan jou tyd só:

    **AFDELING A**: 50 minute
    **AFDELING B**: 30 minute
    **AFDELING C**: 40 minute

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A




**DORINDA SE SUKSESVERHAAL: Van kolwyntjieverkoper tot entrepreneur**

1. "Waar daar donker is, is daar lig. Bly net fokus op die lig, die silwer randjie van elke donker wolk."
2. So het Dorinda Maritz, entrepreneur en ma, oor haar lewe aan Maroela Media vertel.
3. 'n Egskeiding, 'n diagnose wat soos 'n doodsvonnis gevoel het en toe die afdanking by die werk, wat sy nie verwag het nie. Dit het nie haar toekomsplanne gekeer nie. Dorinda was nie altyd postief oor die lewe nie.
4. "Ek was een van daardie mense wat gedink het dat niemand omgee nie en dat almal teen my was."
5. Tog het dit net 'n paar mense gekos om Dorinda waarlik raak te sien en haar te help om suksesvol te wees.
6. In 2011 het Dorinda met haar seun (wat in daardie stadium nog in doeke was) op haar heup en 'n tas in die hand op 'n bus geklim. Dit was na haar egskeiding. Sy was gereed om Tzaneen te groet en 'n nuwe lewe in Gauteng te begin.
7. Sy het gesukkel om die pot aan die kook te hou. Haar seun, nou 11, was nog altyd haar motivering en hy was die een waarop sy haar fokus geplaas het.
8. Voordat sy uiteindelik werk in Pretoria gekry het, het sy as karwag in Meyerton gewerk.
9. "Ek is met hartprobleme gediagnoseer en is afgedank omdat ek so baie dokter toe moes gaan." Nog 'n probleem.
10. 'n Vriendin het voorgestel dat sy moet bedel om kos op die tafel te sit, maar Dorinda het nee gesê. "Dis toe ek muffins begin bak en verkoop het." Dit is ook hoe die Egoli-

aktrise, Lindie Strydom, se paaie vir die eerste keer in 2019 met Dorinda s'n gekruis het.

11. Lindie se man, Johann, het op daardie stadium nog in Silverton gewerk. Soggens het hy verby Dorinda gery. Dit het tradisie geword dat hy elke oggend 'n muffin by haar sou koop.

12. "Hy het altyd sy hand uitgehou wanneer hy verbygery het," sê Dorinda. Lindie vertel: "Johann se oë kyk anders na mense. Hy het geweet daar steek iets spesiaals in Dorinda."

13. Lindie het toe by GrootFM gewerk en was by talle gemeenskapsprojekte betrokke. Toe Lindie 'n Kersete moes reël, het sy geweet dat sy by Dorinda gaan aanklop vir muffins. Dit was nie net om haar te ondersteun nie, maar ook om meer uit te vind oor hierdie moedige vrou wat langs die pad staan en muffins verkoop.

14. In 2020 het Covid-19 Dorinda se wortels weer laat los skiet. Sy en haar seun moes na 'n plot toe trek. Sy kon nie so lank in die son staan nie, want sy was te siek.

15. Sy moes weer 'n plan maak om kos op die tafel te sit. Dorinda het allerhande goedere gekoop, dit herstel en dan weer verkoop. Die eerste hiervan was 'n bromponie (*scooter*). Dié kon sy net koop met die hulp van engele, soos wat sy hulle beskryf. "Ek weet tot vandag toe nie wie dit was nie, maar iemand het vir my geld ingesamel en R20 000 geskenk. Daarmee het ek die bromponie gekoop. Ons kon dit regmaak en weer verkoop."

16. Dorinda het egter veel groter drome gehad. Sy wou 'n kursus doen oor hoe om stukkende yskaste reg te maak. Sy het R15 000 daarvoor nodig gehad. In Augustus 2022, tydens 'n gesprek oor vroue-entrepreneurs by GrootFM, het Lindie dadelik aan Dorinda gedink. Met die hulp van 'n borg is Dorinda se kursus betaal.

17. "Dorinda is nie iemand wat gaan lê nie," vertel Lindie. Sy is ook nie net iemand wat verwag alles moet vir haar gegee word nie.

18. "Ek wou vir myself werk en van niemand afhanklik wees nie. Ek wou vir mense wys dat vroue ook in die besigheid suksesvol kan wees." Haar besigheid, *Refrigeration Ladies*, gee vandag, in 2023, aan nog 10 mense werk.

*[Verwerk uit: MAROELAMEDIA.CO.ZA,19 Februarie 2023]*

LET WEL:

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Lees paragraaf 1

1.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die leser kan uit Dorinda se woorde in paragraaf 1 aflei dat sy ‘n (positiewe/negatiewe) uitkyk op die lewe het. (1)

1.1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.1.1 in jou eie woorde. (1)

1.2 Noem DRIE traumatiese ervarings wat Dorinda oorkom het (Paragraaf 3). (3)

1.3 Lees weer paragraaf 5.
Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.3) neer.
’n Paar mense het vir Dorinda gehelp om suksesvol te wees. Dit beteken hulle het haar …

A ondersteun.
B doelbewus gekeer.
C nie ondersteun nie.
D met die motor omgery. (1)

1.4 Wat sê vir die leser dat Dorinda se seun nog baie jonk was toe sy in 2011 op ’n bus geklim het? Gee TWEE bewyse. (Paragraaf 6) (2)

1.5 “Sy het gesukkel om die pot aan die kook te hou.” (Paragraaf 7)

1.5.1 Word hierdie sin LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.5.1. (1)

1.6 Watter werk het Dorinda in Meyerton gedoen? (1)

1.7 Dorinda is met hartprobleme gediagnoseer. (Paragraaf 9)

1.7.1 Hoe het hierdie siekte veroorsaak dat Dorinda afgedank word? (1)

1.7.2 Wat was, volgens haar vriendin, ’n manier om nog steeds kos te koop? (1)

1.7.3 Watter besluit het Dorinda toe geneem om geld te maak? (1)

1.8 Kies ’n gebeurtenis in KOLOM B wat by die datum in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A-E) langs die vraagnommers (1.8.1 – 1.8.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.8.1 | 2011 | A | Dorinda ontmoet vir Lindie Strydom. |
| 1.8.2 | 2019 | B | Dorinda voltooi ’n kursus wat haar help om ’n besigheid te begin. |
| 1.8.3 | 2022 | C | Johann werk in Silverton. |
| 1.8.4 | 2023 | D | Dorinda trek uit Tzaneen uit. |
| | | E | Dorinda is ’n entrepreneur en ’n werkgewer. |

(4)

1.9 Lindie vertel: “Johann se oë kyk anders na mense.” (Paragraaf 12)
Waarom kan ons sê dat hierdie ’n MENING en nie ’n feit is nie? (1)

1.10 Lindie het vir Dorinda gaan ontmoet toe sy GrootFM se Kersete moes beplan. (Paragraaf 13)

1.10.1 Watter **onmiddellike** voordele, dink jy, het hierdie ontmoeting vir Dorinda ingehou? Noem TWEE voordele. (2)

1.10.2 Watter **latere** voordele, dink jy, het hierdie ontmoeting vir Dorinda ingehou? Noem EEN voordeel. (1)


1.11 “Engele” het vir Dorinda R20 000 ingesamel. (Paragraaf 15)
Waarom, dink jy, noem sy die mense ‘engele’? (1)

1.12 Sal jy jou yskas laat regmaak deur die *Refrigitration Ladies*? MOTIVEER jou antwoord. (1)

© SACAI KOPIEREG

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die onderstaande spotpent en beantwoord die vrae wat daarop volg.




*[Uit: Beeld,27 Junie 2013]*

1.13 Die agtergrond van hierdie spotprent is 'n tipiese toneel by 'n skool.
Gee EEN visuele teken wat hierdie stelling ondersteun. (1)

1.14 Wie is die spotprentkunstenaar? (1)

1.15 Die spotprent is in 'n koerant gepubliseer.

1.15.1 In watter koerant verskyn die spotprent? (1)

1.15.2 Wanneer het die spotprent verskyn? (1)

1.15.3 Watter sosiale probleem word in die spotprent uitgebeeld? (1)

1.16 Kyk na die spraakborrel.
Waarom, dink jy, sal die seun nie omgee dat hy wiskunde dop nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE feite oor die **manier waarop ’n vriendskap beëindig moet word** in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**BEËINDIG ’N VRIENDSKAP SŐ**

Mel Robbins, ’n bekende Amerikaanse skrywer en motiveringspreker, sê in ‘n potgooi dat vriendskappe een van die belangrikste dinge in ’n mens se lewe is. Die idee van “*best friends forever*” is ’n leuen wat onnodige druk op ons lewens plaas. “Vriende kom en gaan,” sê sy.

Daar hoef egter nie ’n dramatiese einde vir ’n vriendskap te wees nie.

Dit is belangrik om ’n vriendskap op ’n vriendelike en liefdevolle manier te beëindig. Moenie iemand net ignoreer nie. Ontmoet jou vriend op ’n neutrale plek. Kies die tyd versigtig. Dit is belangrik om jou emosies te beheer, want wanneer jou emosionele vlakke verhoog, blokkeer dit jou rasionele brein.

Soms is jy vriende vir ’n rede (julle werk saam of is bure) of vir ’n seisoen (julle is dalk albei matrikulante) of vir ’n leeftyd (die vriend of vriendin wat jy enige tyd van die dag of nag kan bel).

“Iets wat in so ’n gesprek help, is om ’n eienskap wat jy van hom of haar waardeer, uit te wys. Dit sal die kans dat hy of sy onmiddellik wil verdedig, verminder. Onthou om nie te oordeel, kritiseer of vinger te wys nie. Dit gaan nie oor hom of haar nie, maar oor jou. Deel jou besluit dat jy die vriendskap wil beëindig. Hou dit kort en moenie oorverduidelik nie,” sê Candice.

*[Verwerk uit: Rooi Rose, Vriendskappe het ook vervaldatums, Februarie 2023]*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

# AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




*[Verwerk vanaf: Google]*

3.1 In watter jaar is hierdie advertensie geplaas? (1)

3.2 Wie is die adverteerder? (1)

3.3 Op watter TWEE maniere versterk die foto van die vrou die woorde “WINTER MALLIGHEID”? (2)

3.4 Die leser kan sy of haar produkte of dienste hier adverteer.

3.4.1 Hoeveel sal 30 advertensies per maand kos? (1)

3.4.2 Wat kan die adverteerder ekstra by die pakket kry? (1)

3.5 Wat is die adverteerder se e-pos adres? (1)

3.6 Gee die adverteerder se telefoonnommer. (1)

3.7 Skryf die onderstaande sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Ons help jou om jou produkte suksesvol te adverteer. (1)

3.8 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Onderhoude is beskikbaar op (radiostasie). (1)

**[10]**


**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS E**

**MEESTER DANIE CRONJE**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




*[Uit: http://meester.yolasite.com/strokies.php]*

4.1 Hierdie strokiesprent is ’n tipiese toneel wat in ’n klaskamer afspeel.
Gee EEN visuele teken wat hierdie stelling ondersteun. (1)

4.2 “Meneer, ek sien baie uit na die rugbytoer!” (RAAMPIE 1)

4.2.1 Wat is die funksie van die uitroepteken in RAAMPIE 1? (1)

4.2.2 Waaruit kan jy aflei dat Neelsie werklik uitsien na die rugbytoer? Noem TWEE dinge. (2)

4.3 “Ek is bly jy is vir ’n slag entoesiasties oor iets, Neelsie ...” (RAAMPIE 2).

4.3.1 Hoe, dink jy, voel Meester? (1)

4.3.2 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Meester sê die woorde in RAAMPIE 2 met ’n (opgewonde/sarkastiese) stemtoon. (1)

4.4 “Maar miskien moet jy in gedagte hou die toer is eers oor twee weke ...” (RAAMPIE 3)

4.4.1 Wat, dink jy, bedoel Meester met hierdie woorde? (1)

4.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.4.1 deur te verwys na dit wat Meester doen. (1)

4.5 Vorm ’n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Neelsie sit by sy lessenaar en (dag+droom). (1)

4.6 Skryf die onderstaande sin in die ONTKENNENDE VORM.

Neelsie fokus altyd op sy skoolwerk. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die numering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Die leesstuk kan opsetlike taalfoute hê.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F:**

Les-Leeco Koopman is ’n 18-jarige tiener van die plaas Delheim in die Kaap. Sy doel is om dit wat in sy lewe geploeg is, in ander **5.1.1** (s’n/sin) te kan terugploeg. Hy wil **5.1.2** (graag) ’n maatskaplike werker word. Hy is nou al 11 jaar by die **5.1.3** (naskool) projek, *Pebbles,* betrokke. Die projek bestuur kindersentrums en jeugklubs op **5.1.4** (plaas). **5.1.5** Les sê: Ek is twee plaaswerkers se kind. My **5.1.6** (pa en ma) het nie geleenthede gehad nie.” Koopman sê **5.1.7** (hy/sy/hom) het gehou van die aktiwiteite wat hulle na skool aangebied het. **5.1.8** “Daar was baie sport en **5.1.9** (tou+spring) om aan deel te neem. **5.1.10** Ons het (lewensvaardigheid) geleer. **5.1.11** Dit het my geleer hoe (aan myself werk). “Hy was in 2022 in **5.1.12** (matriek). Hy wil sy gemeenskap **5.1.13** (goed) maak. Hy beplan om ‘n maatskaplike werker te word. “Ek het die drome vir my loopbaan tussen my **5.1.14** (vyande) ontdek.”

*[Verwerk uit: Die Son, Matrikulant wil ‘n verskil maak, 16 Desember 2022]*

5.1.1 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Sy doel is om dit wat in sy lewe geploeg is, in ander (s’n/sin) te kan terugploeg. (1)

5.1.2 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Hy wil (graag) ’n maatskaplike werker word. (1)

5.1.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Hy is nou al 11 jaar by die (naskool) projek, *Pebbles,* betrokke. (1)

5.1.4 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.

Die projek bestuur jeugklubs op die **plaas**. (1)

5.1.5 Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE.

Les sê: “Ek is twee plaaswerkers se kind.” (1)

5.1.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies. (1)

My (pa en ma) het nie geleenthede gehad nie.

5.1.7 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.

Koopman sê (hy/sy/hom) het gehou van die jeugklub. (1)

5.1.8 Skryf die sin oor as 'n VRAAGSIN.

Daar was baie sport. (1)

5.1.9 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Daar was (tou+spring) om aan deel te neem. (1)

5.1.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Ons het (lewensvaardigheid) geleer. (1)

5.1.11 Skryf die gedeelte tussen hakies oor in die INFINITIEF.

Dit het my geleer hoe (aan myself werk). (1)

5.1.12 Verdeel die vetgedrukte woord in LETTERGREPE.

Hy was in 2022 in **matriek**. (1)

5.1.13 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Hy wil sy gemeenskap 'n (goed) plek maak. (1)

5.1.14 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

"Ek het die drome vir my loopbaan tussen my (vyande) ontdek." (1)

© SACAI KOPIEREG

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**



[UIT: Google images]

5.2.1 Kies die KORREKTE woord tussen die hakies.

Die (pasiënt/kliënt) besoek die dokter. (1)

5.2.2 Gebruik die HOMOFOON van die woord tussen hakies en maak 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

Die dokter ondersoek die man se (hart). (1)

5.2.3 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies en maak 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

Die dokter (behandel) die man met antibiotika. (1)

5.2.4 Voltooi die VERGELYKING.

Die man gaan dokter toe, want hy is so siek soos 'n ... (1)

5.2.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die dokter studeer om 'n spesialis te word. (1)

5.2.6 Gee EEN wenk oor hoe 'n mens gesond kan bly in die koue wintermaande. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [80]**

© SACAI KOPIEREG